2 Februarie 2024

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ek wil graag hierdie oomblik gebruik om my diepste dankbaarheid en trots met u te deel na afloop van verskeie byeenkomste wat ons bygewoon het. Ek wil elke leerder gelukwens met hulle pragtige prestasies. Julle het bewys dat harde werk ware vrugte afwerp.

Dankie aan elke ouer vir julle ondersteuning, en betrokkenheid om ons leerders aan te moedig. Ek wil ook ons personeel bedank vir hulle toewyding en harde werk.

Ons sien uit na die res van die kwartaal propvol akademie en buitemuurse aktiwiteite.

Skoolure

Gr. RRR – R

Vanaf 5 Februarie 2024
Maandag tot Vrydag
07:30 – 13:00

Gr. 1

Vanaf 5 Februarie 2024
Maandag tot Vrydag
07:30 – 13:20

Rugby

Ons eerste oefening vind plaas op Maandag 5 Februarie 2024 vir alle 0.9 tot 0.13 seuns. Ons sal vir nou slegs op vaardighede konsentreer. Tydens hierdie week sal alle spanne om 15:00 – 16:00 oefen. (Maandae, Dinsdae en Donderdae).

Proewe vir alle spanne sal plaasvind op Maandag 12 Februarie en Dinsdag 13 Februarie 2024. Oefening sal plaasvind vanaf Maandag 13 Februarie op Maandae, Dinsdae en Donderdae.

Oefentye: 0.9 tot 0.11 oefen van 13:30 – 15:00
2de span en 1ste span vanaf 15:00 en 16:30

Poppie oefening

Die poppies se oefening begin op Maandag 5 Februarie 2024 om 13:30 – 14:15. Sien julle daar!

Swem

Baie sterkte aan al ons swemmers wat op 2 en 3 Februarie 2024 aan 'n swemgala in Nelspruit deelneem. Ons is trots op jul harde werk en uithouvermoë

Fietsry

Ons is opgewonde dat die fietsry op Maandag 5 Februarie begin. Oefening begin slegs vir leerders wat aan die XCO-reeks gaan deelneem.

Hou asseblief die klasgroepe dop vir die skakel na die nuwe fietsrygroep op WhatsApp.

Dans

Ons is baie opgewonde vir die dans om te begin. Neem asseblief kennis van die danstye en watter dag watter vlak dans. Alle vlak 1 dansers en alle nuwe dansers begin die 6de Februarie met dans oefening.

Maandae

Dans vlak 2		15:30 – 16:00
Dans vlak 3 - 5		16:00 – 16:30

Dinsdae

Dans vlak 1	gr. 6 en 7	14:00 – 14:30
Dans vlak 1	gr. 1 - 3	14:30 – 15:00
Dans vlak1	gr. 4 – 5	15:00 – 15:30

Donderdae

Dans vlak 1	gr. 6 en 7	14:00 – 14:30
Dans vlak 1	gr. 1 - 3	14:30 – 15:00
Dans vlak1	gr. 4 – 5	15:00 – 15:30

Tennis

Dit is met trots dat ons deel dat Nikolas Schneider gekies is vir die Mpumalanga tennisspan. Baie geluk en sterkte vir die voorbereiding van die volgende toernooi wat in Augustus plaasvind.

Finansiële state

U moet maandeliks ‘n staat per e-pos ontvang. Indien u nie ‘n staat ontvang nie kontak asb. vir Nadia by ons finansiële kantoor.

Top 10 byeenkoms

Baie sterkte aan ons atlete wat gaan deelneem aan die Top 10 atletiekbyeenkoms by Hoërskool Waterkloof op Saterdag 3 Februarie 2024.

Doen net julle beste. Ons glo in julle!



Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF